

**Woensdag 27 November**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-13**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 12:1-3**

**Hou jou oë gerig op Jesus!**

Wanneer jy 'n wedloop hardloop, word jy moeg. Soms voel dit of jy nie verder kan nie, en wil jy tou opgooi. Net so gebeur dinge in ons lewens wat ons moeg en moedeloos maak.

In Sondag 52 van die Heidelbergse Kategismus leer ons mos dat ons drie doodsvyande het wat ons geloof wil breek. Dit is dan wanneer ons moet onthou dat 'n lewe van geloof dieselfde is as 'n wedloop. Ons mag nie tou opgooi nie.

Hoe hou ons aan om die wedloop van die geloof te hardloop?

'n Atleet wat aan 'n wedloop deelneem, fokus op die eindstreep. In Hebreërs 12 word ons aangemoedig om ons oë op Jesus te hou. Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof en van ons lewens. Hy het ons gered van die ewige dood. Hy het sy Heilige Gees aan ons gegee. Kyk op na Hom en staar nie vas teen jou eie kragte nie.

Daarby het ons 'n skare mense wat ons aanmoedig en toejuig. Die groot skare geloofsgetuies verwys na die geloofshelde van hoofstuk 11. Elkeen van daardie Ou-Testamentiese gelowiges het swaargekry om verskillende maniere. Tog het hulle hul oë op die Here bly hou en Hy het in sy genade hulle gehelp om hulle geloofswedlope klaar te maak.

Hoe hou ons ons oë op die Here?

Hou jou oë op Jesus en gooi elke las af wat jou kan belemmer – ook die sonde wat ons so maklik verstrik. Ons kán, want Jesus het ons mos verlos en nuut gemaak. Ons leef ook nie uit ons eie krag nie. Soek jou krag in die Here en in sy groot mag (Ef. 6:10) en jy sal ook eendag saam met Paulus kan sê (2 Tim. 4:7-8): *Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God.*

*Sing: Psalm 119-1:1, 11*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*